

An Exposition of the Seven Church Ages

Chapter Six

Die Thiatíriese Kerktydperk

Openbaring 2:18-29

En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatire; Dit sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper;

Ek ken jou werke, en liefde en diens en geloof en jou luidsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.

Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.

En ek het haar tyd gegee om haar hoerery te bekeer; en sy het haar nie bekeer nie.

Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.

En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatire is, almal wat hierdie les nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie.

Hou maar net vas wat julle het, totdat ek kom.

En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,

en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.

En Ek sal hom die môrester gee.

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

Thiatire

Geskiedkundig, was die stad van Thiatire die geringste van al die sewe stede van die Openbaring. Die ligging was op die grense van Mysia en Ionia. Dit was omring deur baie riviere, maar hulle was vol bloedsuiers. Die mees prysienswaardige kenmerk was dat dit finansieël welaf was as gevolg van die korporatiewe gilde van pottbakkers, looiers, wewers, kleurders, kleremakers, ens. Dit was van hierdie stad dat Lidia, die verkoper van purper gekom het. Sy was Paulus se eerste Europese bekeerling.

Nou die rede waarom die Gees hierdie stad gekies het as die een wat alreeds die geestelike elemente vir die vierde eeu bevat het was as gevolg van sy godsdien. Die hoof godsdien van Thiatire was die aanbidding van Apollo Tyrimnaios wat gekombineer was met die keiser aanbidding sekte. Apollo was die songod, en die volgende in gesag naas sy vader, Zeus. Hy was bekend as die 'weerhouer van bose'; hy was hoof oor godsdienstige wette en versoening (betekenis van versoening, vergelding vir foute of skuld). Plato het van hom gesê: "Hy het vir mense verduidelik die instelling van tempels, offerhandes en dienste aan gode, bo en behalwe rites gekoppel aan die dood en lewe na die dood." Hy het sy kennis van 'die toekoms' oortel en sy 'vader se wil' vir mans deur die profete en orakels oorgedra. In Thiatire was hierdie ritueel deur 'n profetes uitgevoer wat op 'n driepootstoel gesit het en die boodskappe oorgedra het wyl in 'n trans.

Die houvas van hierdie godsdien was merkwaardig. Sy formidabele mag het nie uitsluitlik gelê in die sfeer van verborgenheid nie, maar het gelê in die feit dat niemand kon behoort aan die gildes wat die mense hulle bestaan geoffer het tensy hulle aan die tempel van aanbidding van Apollo behoort nie. Enigeen wat geweier het om aan te sluit by die afgodediens en losbandige orgies was van hierdie eerste eeu unies verbied. Ten einde om 'n deel van die sosiale en kommersiële lewe te wees moes mens 'n heidense afgod dienaar wees.

Dit is waardig om te let dat die einste naam Thiatire beteken: "Dominerende Vrou." Dus hierdie eeu word gekenmerk deur 'n dominerende krag, 'n krag wat genadeloos almal oorval, almal oorwin en despoties beheer. Nou 'n dominerende vrou is die grootste vloek in die wêreld. Die mees wyse man wat

die wêreld ooit gesien het was Salomo, en hy het gesê,

Ek het my daartoe gewend en my hart gerig om te weet en na te speur, en wysheid en 'n slotsom te soek, en om so die goddeloosheid as dwaasheid en die dwaasheid as onverstandigheid te leer ken.

En ek het iets uitgevind BITTERDER AS DIE DOOD: DIE VROU wat strikke is, haar hart nette, haar hande boeie; hy wat goed is voor die aangesig van God, sal van haar vryraak, maar die SONDAAR word deur haar gevang.

Kyk, dit het ek uitgevind, sê die Prediker, deur die een by die ander te voeg, om 'n slotsom te vind —

wat my siel lank gesoek het, maar wat ek nie gevind het nie: een mens uit duisend het ek gevind, maar 'n vrou het ek onder soveel nie gevind nie.

Prediker 7:25-28.

Paulus het gesê,

Moenie 'n vrou toelaat om te onderrig of om wederregtelik gesag uit te oefen nie.

Van die Tuin van Eden af het die vrou aanmekaar en suksesvol probeer om gesag oor te neem by die man, en reg vandag is dit 'n vrou se wêreld met die godin van Amerika wat 'n naakte vrou is. Soos die vroulike afgod wat uit die hemele val (onthou haar arms was yster stawe) die eerste of Efésiese Eeu gekarakteriseer, so het haar krag vermeerder totdat sy absoluut outoriteit verkry het, sulke outoriteit wat deur haar yster ingesteldheid beheer word.

Nou 'n vrou is nie veronderstel om 'n yster dispoisie te hou nie. Sy is, volgens die Heilige Skrif, veronderstel om onderdanig te wees aan die man. Sy word dit beveel. Vroue wat waarlik vroulik is, heeltemal vroulik, sal in daardie ingesteldheid wees. Nie 'n deurmaat nie. Geen regte man maak 'n vrou 'n deurmaat nie. Maar sy sal onder sy gesag wil wees en nie oor die man regeer nie, want hy is die hoof van die huis. As sy daardie beeld wat God vir haar gemaak het breek, is sy verdraai. Enige man wat die vrou gesag laat neem het ook daardie beeld gebreek en hy is verdraai. Dit is waarom 'n vrou NIE KAN DRA WAT BETREKING HET TOT 'N MAN NIE OF HAAR HARE SNY NIE. Sy mag nooit klere dra wat behoort tot 'n man nie of haar hare sny nie. Wanneer sy dit doen dring sy in, in die manlike domein en neem gesag en verdraai haarself. En wanneer 'n vrou die preekstoel inneem wat BEVEEL IS DAT SY NIE MAG NIE, wys sy watter gees sy is. Deur 'n dominerende vrou te wees is antichris en die sade van die Rooms Katolieke Kerk is in haar hoewel sy dit heftig ontken. Maar wanneer dit BY DIE WOORD KOM, Laat God waar wees en elke mens se woord 'n leuen. Amen.

Laat ons teruggaan na die begin. In die oorspronklike fisiese skepping soos ons dit vandag ken, het God alles in pare gemaak, manlik en vroulik. Daar was twee hoenders—haan en hen. Daar was twee beeste, die koei en die bul. En reg af met die ry. Maar toe dit by die mens gekom het, was daar net een. Hulle was nie 'n paar nie. Adam is gemaak in die beeld van God. Hy was 'n seun van God. As 'n seun van God kon hy nie versoek word en val nie. Dit sou onmoontlik wees. So God het 'n byproduk van mens geneem om die val te veroorsaak. Die vrou het nooit vars uitgestap uit die hand van God as 'n ware produk van God nie. Sy is van die man gemaak. En toe God veroorsaak het dat sy uit die mens voortkom was sy aansienlik verskillend van die ander vroue wat Hy geskep het. Sy was in staat om verlei te word. Geen ander vroue in die skepping kan immoreel wees nie; maar die menslike vrou mag aangeraak word omtrent enige tyd.

En daardie swakheid in haar het Satan toegelaat om haar te verlei deur middel van die slang, en het die vrou na 'n baie vreemde posisie gebring voor God en Sy Woord. Sy is die tipe van alle dinge vulgêr, vuil en walglik aan die een kant, en aan die ander kant is sy die tipe van alle dinge skoon en mooi, en heilig as die houer van die Gees en seëninge van God. Aan die een kant word sy genoem die hoer wat dronk is met die wyn van haar hoerery. Aan die ander word sy die Bruid van Christus genoem. Aan die een kant word sy genoem Verborge Babilon, die gruwel voor God; en aan die ander kant word sy genoem Nuwe Jerusalem, ons moeder. Aan die een kant is sy so boos en vuil en ontugtig dat sy summier in die meer van vuur gegooi word as die enigste plek vir haar; en aan die ander kant word sy verhoog na die hemel, waar sy dieselfde troon van God deel as die enigste plek vir so 'n koningin.

En in die Thiatire Kerke is sy 'n DOMINERENDE VROU. Sy's Verborge Babilon. Sy is die groot hoer. Sy is Isébel die vals profetes. HOEKOM? Omdat die ware vrou aan God onderdanig is. Christus is haar hoof. Sy het geen woord behalwe Syne, geen gedagtes behalwe Syne, geen leierskap behalwe Syne. Maar wat van hierdie kerk? Sy het die Woord uitgedryf, die Bybels verwoes en waardige skrifte van die goddelike. Sy het hulle doodgemaak wat die waarheid sou preek. Sy het konings, prinse en nasies oorgeneem—beheer leërs en dring aan dat sy die ware liggaam van Christus is en dat haar pouse die predikante van Christus is. Sy is totaal verlei deur die duiwel totdat sy haarself die verleier geword het

van ander. Sy is die bruid van Satan en het sy baster-kind godsdienste voortgebring.

Dwarsdeur die Donker Eeue het sy gedomineer. Vir meer as nege-honderd jaar het sy geplunder en vernietig. Sy het die kunste doodgemaak, die wetenskap vernietig, het niks behalwe dood geproduseer nie tot die lig van die Waarheid amper heeltemal weg was, en net die fynste silwer liggie oorgebly het. Die olie en die wyn het amper opgehou om te vloei; maar hoewel sy die wêreld koninkryke gedomineer het en vereis het dat al die mense burgerskap vind in haar, was daar 'n klein groepie wat aan God behoort het en hulle burgerskap was in die hemel, en hulle kon sy nie vernietig nie. God het Sy klein kudde gehou; hulle kon nie vernietig word nie. Hierdie Kerk van Rome was so heidens en boos soos Koningin Athalia wat probeer het om al die koninklike saad te vernietig en amper geslaag het, maar GOD HET EEN BEWAAR, en van hom het daar meer van die getroues gekom. So God het 'n klein kudde bewaar in daardie lang donker nag en van hulle waarheid het daar uiteindelik 'n Luther opgestaan.

Enigeen wat enigiets ooit weet van die Roomse Katolieke Kerk en sy vorm van aanbidding kan sê waarom hierdie stad van Thiatire gekies is deur die Gees om die kerk in die Donker Eeue te verteenwoordig. Daar is dit, reg voor ons oë.

Die Eeu

Die Thiatirean Eeu het die langste van hulle almal aangegaan, omtrent 900 jaar, van 606 tot 1520.

Die Boodskapper

Die kerk was lankal verdeel in twee groepe, Westerlik en Oosterlik. Elke nou en dan sal 'n hervormer ontstaan in enige of beide afdelings en vir 'n rukkie 'n gedeelte van die kerk lei in 'n dieper verhouding met God. So 'n man in die Weste was Francis van Assisi. Werklik suksesvol vir 'n tyd, sy werk was uiteindelik onder die hiërargie van Rome geplaas. Petrus Waldo van Lyons, 'n handelaar wat sy sekulêre lewe afgesweer het, het baie aktief geword om die Here te dien en het baie na Hom aangetrek; maar hy was gefnuik in sy werk en ge-ëkskommunikeer deur die pous. Geeneen van die Westerlik of die Oosterlike groepe het in hulle 'n man gehad wat enigiens die boodskapper vir hierdie eeu kon wees wanneer dit ondersoek word in die lig van die Skrif nie. Tog, daar was twee manne in die Britse Eilande, wie se bediening in Woord en daad die toets van waarheid kon deurstaan. Hulle was Sint Patrick en Sint Columba. Dit was aan Sint Columba wat die lot van die boodskapper geval het.

Hoewel die boodskapper vir die Thiatire Eeu Sint Columba was, wil ek 'n bietjie ingaan op die lewe van Sint Patrick as 'n voorbeeld vir ons en ook om die leuen te gee van Rome se eis dat Sint Patrick was niks meer een van haar as wat Joan van Arc was nie. Patrick was gebore uit die suster van Sint Martin in die klein dorpie van Bonavern op die oewer van die Clyde rivier.

Een dag terwyl hy gespeel het op die oewer met sy twee susters, het seerowers hulle genader en al drie ontvoer. Waar die susters gegaan het, weet niemand nie, maar Patrick (sy naam was Succat) was verkoop aan 'n opperhoof in Noord-Ierland. Sy plig was om te sorg vir die varke. Om dit te doen het hy honde opgelei. So goed opgelei was sy honde dat baie mense van ver en naby gekom het om hulle te koop. In sy eensaamheid het hy na God gedraai en is gered.

Toe het hy die dringende begeerte gehad om te ontsnap en terug te keer na sy ouers. Hy het 'n plan beraam waar sy vermoë as 'n afrigter tot groot nut sou wees. Hy het die honde geleer om bo-op hom te lê en sy liggaam te bedek en nie te beweeg tot hulle beveel word nie. So eendag toe sy eienaar 'n paar honde verkoop het, het Patrick die honde beveel, behalwe die leier van die groep, om in die skuit te klim. Die leier van die groep aan wie hy 'n geheime teken gegee het het weggehardloop en geweier om aan boord te gaan. Terwyl die meester en die koper die hond probeer kry het, het Patrick in die skuit geklim en het die honde 'n teken gegee om bo-op hom te lê. Toe met 'n fluitjie het hy die leier van die honde in die skuit laat kom en bo-op hom gaan lê. Omdat Patrick nêrens te siene was nie het die koper die seile gespan en het uitbeweeg na die see.

Nadat hy seker gemaak het dat die kaptein te ver uit was om om te draai, het Patrick 'n ander teken gegee vir die honde wat hulle oproerig gemaak het. Toe het hy na vore gekom en vir die kaptein gesê tensy hy hom aan wal sit naby sy huis sou hy die honde laat aanhou oproerigheid veroorsaak, en hy sou die skip oorneem.

Maar, die kaptein was 'n Christen, en toe hy die seun se storie hoor het hy hom met graagte naby sy huis aan wal gesit. Daar het Patrick na die Bybelskool gegaan en teruggekeer na Ierland waardeur die Woord en die krag van God en met baie tekens en wonders hy duisende vir die Here gewen het. Op geen tyd het hy ooit na Rome gegaan of op enige tyd was hy deur Rome opdrag gegee nie. Die waarheid van die saak is dat toe Rome uiteindelik 'n vastrapplek op die eiland gekry het en toe hulle gesien het dat die tyd reg was, het hulle meer as 100,000 Christene doodgemaak wat deur die jare weggedryf het van die oorspronklike groep wat na die Here gekom het onder Sint Patrick.

Omtrent 60 jaar na die dood van Sint Patrick, was Columba gebore in County Donegal, Noord Ierland,

aan die koninklike familie van Fergus. Hy het 'n briljante, toegewyde skolier geword, en het meeste van die Skrif gememoriseer. God het hom in 'n hoorbare stem geroep om 'n sendeling te wees. Nadat hy die stem van God gehoor het, kon niks hom stop nie, en sy wonderbaarlike bediening het veroorsaak dat baie geskiedkundiges hom net soos die apostels geloof het. So groot was sy bediening met die bonatuurlike tekens wat daarop gevolg het dat sommige (veral studente in Rome) gedink het die gebeure was oordrewe.

In een van sy sendeling reise, soos hy 'n ommuurde stad genader het, het die hekke hom versper. Hy het sy stem verhef in gebed dat God mag ingryp en hom toegang gee tot die mense om te preek. Maar terwyl hy gebid het het die hof towenaars begin om hom te teister met harde geluide. Hy het toe begin om 'n Psalm te sing. Soos hy gesing het, het God sy stem se volume so verhoog dat hy die krete van die heidene uitgedoof het. Skielik het die hekke vanself oopgebars. Hy het ingegaan en die Evangelie verkondig, het baie gewen vir die Here.

Op 'n ander geleentheid toe hy ook uitgesluit is uit 'n dorp, soos hy weggedraai het om te vertrek, het die seun van die hoof skielik baie siek geword, selfs tot die dood toe. Sint Columba was gou opgesoek en teruggedroep. Toe hy die gebed van geloof gebid het, was die seun onmiddellik genees. Die dorp is toe oopgestel vir die evangeliesasie deur die Godsdien.

Die suiwer Evangelie wat gepreek is deur Columba en sy mede werkers het versprei oor die hele Skotland en het dit gedraai na God. Dit het ook oorgevloei na Ierland en oor Noord Europa. Sy vermoë vir die verspreiding van die Evangelie was een waarin miskien twaalf mans onder 'n leier in 'n nuwe area sou ingaan en letterlik 'n Evangelie-gesentreerde dorp bou. Onder hierdie twaalf manne sou skrynwerkers wees, leraars, predikers, ens., almal woderlik vertrouwd met die Woord en heilige lewe. Hierdie klein kolonie was omsluit deur 'n muur. Gou sou hierdie omsluiting omring word deur studente en hulle families in hulle eie huise, hulle leer die Woord en berei voor om uit te gaan en die Here te dien as sendelinge, leiers, en predikers. Die mans was vry om te trou hoewel baie nie het nie, om God beter te dien. Hulle het vry van staatshulp gebly, en daardeur weggebly van politiek af. In plaas van om ander godsdienste aan te val het hulle die waarheid geleer want hulle het geglo die waarheid is 'n wapen wat genoeg was om die einde te bereik wat God vir hulle in gedagte gehad het. Hulle was absoluut onafhanklik van Rome.

Sint Columba was die stigter van 'n groot Bybelskool op die eiland van Hy (af van die S.W. kus van Skotland). Toe hy daarheen gegaan het was die eiland so dor en rotsagtig dat dit nie genoeg voedsel vir hulle kon gee nie. Maar Columba het saad geplant met een hand terwyl hy die ander opgehef het in gebed. Vandag is die eiland een van die mees vrugbare in die wêreld. Vanaf hierdie Bybel-gesentreerde eiland het magtige geleerdes uitgegaan toegerus met wysheid en die krag van God.

Toe ek die geskiedenis van hierdie groot dienaar van God gelees het en die wonderlike werk wat hy gedoen het, het dit my hartseer gemaak om te vind dat die pouslike mag, met sy lus om alle mans in sy kloue te kry, ingekom en hierdie sendingwerk besmet en die waarheid vernietig het soos dit deur Columba geleer is.

Die Saluut

Openbaring 2:18,

Dit sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper.

Die openbaring van Godheid aan die Thiatire Eeu is dat Jesus die Seun van God is. Op 'n tyd in die dae van Sy vlees was Hy bekend as die Seun van die Mens. Maar van toe af ken ons Hom nie meer na die vlees nie. Hy is nie meer die Seun van die Mens nie, die Groot Profeet, Wie in Homself saamgevoeg het alle profesieë. Die Enig Geborene is terug in die boesem van die Vader. Nou ken ons Hom na die krag van die opstanding. Hy het opgestaan en vir Homself Sy magtige krag opgeneem en is bo alles en oor alles tot lof van Sy eie heerlijkheid. Sy heerlijkheid sal Hy nie met 'n ander deel nie. Sy leierskap oor die kerk sal Hy nie aan enige mens oorgee nie.

Hy kyk af op Thiatire, en hier sien Hy in daardie stad en in daardie vierde eeu die eer wat aan Hom alleen behoort, uitgestort op 'n ander. Sy oë vlam met die vuur van toorn en oordeel soos Hy Apollo sien vereer as die Seun van God, wanneer Hy alleen die Enig Gebore van die Vader is. Hoe vreeslik moes Sy oordeel wees oor die godsdien van die Thiatire Eeu waarin die kerkklimate soos die heidense aanbidders van die seun van god (Apollo die seun van Zeus), 'n menslike leier oplik tot aanbidding, onderskraag deur die krag van die staat. Want dis presies wat Hy gesien het. Die Rooms Katolieke Kerk, onderdompel in afgod aanbidding gebasseer op die rites van die son god (Apollo) het 'n man opgelig tot werklike godheid (pous) deur die huwelik van die kerk met die staat. Want Thomas Aquinas en Alverus Pelagius het geformuleer en gemeld dat: "Die Pous lyk vir hulle wat na hom kyk met die geestelike oog, om te wees, nie 'n man nie maar 'n God. Daar is geen perke vir sy gesag nie. Hy kan verklaar om reg te wees wat hy wil en kan van enige van hulle regte wegneem soos hy goed vind. Om hierdie universele krag te betwyfel lei na die uitsluiting van verlossing. Die groot vyande van die kerk is die afvalliges wat nie die juk van

ware gehoorsaamheid sal dra nie.”

Daar is een middelaar tussen God en mense, die man Christus Jesus (die Seun van God.)

I Timótheüs 2:5.

Maar die pous van Rome het die Woord verander. Hy het dit gemaak: “een middelaar tussen God en mens (nie mense)”. So nou bemiddel hy tussen die bemiddelaar en mense. Maar daar is geen ander bemiddelaar behalwe die Seun nie. Die pous spreek verlossing uit deur die kerk van Rome. Maar daar is geen verlossing behalwe deur die Seun van God nie. Geen wonder die oë vlam in vurige oordeel. Geen wonder die voete is soos fyn koper soos Hy gereed staan om te trap tot poeier en stof die bese koninkryke van hierdie wêreld. Dank God vir daardie kragtige voete van koper. Hulle het deur die oordeel gegaan vir ons. Hulle is nou ons fondasie vir wat Hy verkry het is ons s'n. Ons staan geïdentifiseer in Hom, Jesus die Seun van God.

Dit was in hierdie eeu wat ons sien die opkoms van Mohammedanisme wat die Seun van God ontken en die dood bepaal op almal wat hulleself Christene genoem het.

Dit was ook in hierdie eeu dat die vals kerk die eerste gebod van die Almagtige God uitgedaag het en vinnig van stapel gestuur om die tweede gebod te breek want hulle het hulle pous in die plek van Jesus Christus gesit en vasgestel en afgedwing afgodsaanbidding tot so 'n mate dat dit dood beteken het vir die wat die beelde 'n plek geweier het in die kerk. Onder Keiserin Theodora, alleen, van 842 tot 867 was oor 100,000 heiliges doodgemaak omdat hulle die beelde van geen waarde geag het nie.

Sekerlik moet hierdie eeu bekeer of alles verloor. Daar staan die Here van glorie, God selfde God—Sy Woord verstoot, Sy persoon verwerp, maar menslike hande en menslike harte kan Hom nie onttron nie. Laat hulle Hom verloën, Hy bly getrou. “Vrees nie klein kudde; dit is julle Vader se goeie plesier om julle die koninkryk te gee. En wanneer ek kom met voete van koper en vlamme oë sal ek vergeld; oordeel is myne, ek sal terug betaal,” sê die Here.

Die Huldeblyk

Openbaring 2:19,

Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.

Hier weer vind ons dieselfde inleidende opmerkings: “Ek ken jou werke.” Die Seun van God, Homself, het gesê: “Glo My vir die einste werke se onthalwe.” Hy het 'n nadruk gelê op Sy eie werke terwyl op aarde. Die werke wat Hy gedoen het was deur God bestem om geloof in Hom te inspireer. Dit was 'n groot deel van Sy bediening.

Sy Heilige Gees in die apostel Paulus het gesê,

Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

Efésiërs 2:10.

Hierdie werke was om geloof te inspireer in Hom soos hulle daardie verhouding aan Hom sou wys wat Paulus beskryf het as “geskep in Hom”.

Nou werke sal nooit die plek neem van geloof in God vir ons verlossing nie. Maar werke sal ons geloof alreeds in Hom geplaas, uitwys. Goeie werke sal jou nie red nie, maar hulle sal uitkom vanuit 'n lewe gered as vrugte vir die Here. Ek glo in goeie werke. Selfs as 'n mens nie gered is nie, behoort hy goeie werke te doen en die beste doen wat hy kan. Wat vreeslik is in die oë van God, is vir mense om bese werke te doen en dan te sê dat hulle die wil van die Here doen. Dit is wat die biskoppe en pouse en die hiërargie van Rome gedoen het. Hulle het doodgemaak, vermink, en alle soorte boosheid in die Naam van die Here gedoen. Hulle het lewens geleef presies teenoorgestelde op wat die Woord leer. In daardie bese dag het daardie ware gelowiges geskyn soos 'n lig in 'n donker plek soos hulle voortdurend goed gedoen het, want hulle het vloek met seën terugbetaal, en die waarheid gedoen om God te eer selfs al het baie gesterf daarvoor.

In hierdie vers het Hy Sy kinders geprys omdat hulle veranderde lewens gelewe het. Hulle werke het getuig van 'n nuwe Gees binne. Mense het hulle goeie werke gesien en God verheerlik. Ja meneer, as jy 'n Christen is gaan jy doen wat reg is. Jou werke sal wys dat jou hart reg is. En dit sal nie iets wees wat jy aansit nie, want jy sal Sy wil doen wanneer niemand behalwe God jou sien nie, en jy sal Sy wil doen selfs al sal dit jou lewe kos.

Ek ken jou liefde, diens, geloof en geduld. Jy sal oplet dat hulle liefde geplaas word tussen 'werke' en

'diens.' En dit is die regte plek daarvoor, want sonder liefde word ons werke nie aangeneem voor God nie en ook nie ons diens nie. Paulus wat praat met die Korinthiërs het gesê: "Sonder liefde, is ek niks, en wat ookal Ek doen is sonder wins tensy dit gedoen is in liefde." Nou julle kan net hier sien dat hierdie gelowiges nie in die Nikolaïeteinse klas was wat werke gedoen het as 'n reddingsmiddel of om geadmireer te word deur mense nie. Hulle het hulle werke gedoen uit die liefde van God wat uitgestort is in hulle harte deur die Heilige Gees. Daardie liefde in hulle harte was God se liefde vir Sy eie. Jesus het gesê: "Deur dit sal alle mense weet dat julle MY dissipels is, dat julle mekaar liefhet." Die heidene wat die lewens van die vroeë Christene gesien het, het gesê: "Kyk hoe lief het hulle mekaar." Johannes het gesê

Elkeen wat liefhet is uit God gebore.

I Johannes 4: 7.

Ek wil net hier 'n waarskuwing gee. Dit sê omtrent die laaste dae dat as gevolg van oorfloedige ongeregtigheid sal liefde van baie koud word. In die Laodicése, of laaste eeu, self liefhê, en liefde vir materiële dinge sal die plek inneem van die ware liefde van God. Ons moet oppas vir die krag van sonde in hierdie laaste dae. So baie word so hard omdat hulle nie die effek van die gees van hierdie laaste dag besef het nie. Dit is tyd om nader aan God te beweeg en laat hom ons lewens vul met Sy liefde, of ons sal die koudheid van die laaste dag kerk voel, en die waarheid van God verwerp wat alleen instaat is om ons te help.

In daardie donker en vreeslike jare het die ware wynstok sy liefde vir God behou en liefde vir die broers. God het hulle geprys daarvoor.

Ek ken jou diens. Jesus het gesê: "Hy wat die grootste is van almal, is dienskneg van almal." 'n Wyse man het 'n aanmerking gemaak oor daardie gesegde. Hier is wat hy gesê het: "Net geskiedenis sal die waarheid bewys van daardie uitspraak." Daardie man was reg. Al die waarlike groot manne van geskiedenis was diensknegte. Hulle wat eis om bedien te word; hulle wat onderdruk; hulle wat altyd soek om voor te wees, het ondergegaan in skande. Selfs die welgestelde word veroordeel deur God as hulle nie hulle rykdom reg gebruik nie. Maar kyk in die geskiedenis en julle sal vind dat die waarlik grotes was diegene wat andere gedien het. Geskiedenis kan nooit lof gee vir wie baie gedoen is nie, maar dit sal vir ewig prys die wat vir ander iets gedoen het.

Nou laat ons dit op onself toepas. Net soos die Seun van die Mens nie gekom het om bedien te word nie, maar om te dien, so moet ons daardie voorbeeld volg. Sien Hom soos Hy Homself buig oor die voete van die apostels en hulle moeë en vuil voete was. Hy het gesê: "Julle weet nie nou wat ek doen nie, maar julle sal hierna weet. Maar wat julle my sien doen, behoort julle ook te doen." Hy het 'n dienaar geword sodat God Hom tot die hoogste hoogtes kon verhoog. En eendag in die oordeel van die heiliges gaan ons Hom hoor sê: "Wel gedaan, goeie en getroue DIENSKNEG, gaan in die vreugde van die Here." Dit is moeilik om altyd 'n dienaar te wees. Maar diegene wat spandeer en gespandeer word vir andere sal eendag saam met Hom in Sy troon sit. Dit sal dan alles die moeite werd wees. "Laat ons arbei vir die Meester, van die dagbreek tot sonder, Laat ons praat van al Sy wonderlike liefde en omgee, En wanneer die lewe verby is en ons werk op aarde klaar, En die rol daar geroep word sal ek daar wees."

Ek ken jou geloof. Nou hy sê nie hier soos Hy aan die kerk in Pérgamus gedoen het nie: "julle hou MY geloof". Hy praat nie van Sy geloof nou nie, maar Hy prys hulle vir hulle getrouheid. En soos Hy doen noem Hy ook hulle 'geduld.' Nou getrouheid en geduld gaan saam.

Die feit is geduld is die uiteinde van getrouheid, want dit sê in Jakobus 1:3,

omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.

Daar is absoluut geen ander manier om lydsaamheid te kry nie. Dit moet kom deur die beproewing van ons geloof.

Romeine 5:3,

Verdrukking werk lydsaamheid.

Hoe hoog God hierdie uitwerking van ons geduld beskou kan gesien word in Jakobus 1:4,

Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kort kom nie.

God se wil vir ons is Volmaaktheid. En daardie volmaaktheid is lydsaamheid—wag op God en wag vir God. Hierdie is die proses van karakter ontwikkeling. Hoe hoog het God hierdie heiliges van die Donker Eeue geprys. Geduldig soos lammers wat gelei word na die slagting, liefdevol, getrou het hulle God gedien. Dit is al wat hulle wou hê uit die lewe, net diens aan hulle Here. Hoe groot sou hulle beloning wees.

Ek ken jou werke; en dat die laaste meer is as die eerste.

Hierdie is beslis merkwaardig. Soos die donkerte van die eeu vermeerder het; soos die ererol van die martelare langer geword het dag vir dag, het hulle harder begin werk, hulle het meer gedien, en hulle geloof het vermeerder. Hoe tragies was dit dat in die Efésiese Eeu liefde verdwyn het. En werklik niks is gesê van die verhoogde arbeid van liefde in die ander eeue nie; maar in hierdie eeu, in die donkerste van alle eeue, het hulle Hom selfs meer gedien. Wat 'n les is dit. Daar is geen vermindering van hierdie genadige diens van liefde tot die Here nie, maar liever 'n vermeerdering daarvan. Dit is die geheim. Laat die vyand probeer om ons diens tot die Here te stuit—ons antwoord is meer diens. Wanneer die swakkes roep in vrees, dit is die tyd om die oorwinning te skree.

Ek ken jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.

Nou soos ons alreeds gesê het, hierdie eeu word die Donker Eeue genoem omdat dit inderdaad die donkerste tyd van die geskiedenis was. Dit was die eeu van Pous Innocent III wat daarop aanspraak gemaak het dat hy die "vikaris van Christus" was — "opperste soewerein oor die kerk en die wêreld," wat die INKWISISIE ingestel het wat onder sy bestuur meer bloed vergiet het as enige ander tyd behalwe in die Hervorming. Dit was die eeu van Onsedelikheid, die heersers van hoere. Sagarius III het 'n minnares gehad en "het die pouslike koor met wellustelinge en basterseuns gevul en het die pouslike paleis verander in 'n lêplek van rowers." Anastasius III was versmoor tot die dood deur Marozia wat die minnares was van Sagarius. John XI was Marozia se buite egtelike seun. John XII was die kleinseun van Marozia en hy het "weduwees en maagde geskend en is in die daad van owerspel betrap en deur die vrou se briesende eggenoot doodgemaak." Dit was die eeu van Pouslike Skeuring vir twee lyne van pouse (een wat uit Avignon regeer het en die ander van Rome) wat mekaar vervloek en beveg het. Hierdie pouse was nie net skuldig aan die immorele seksdade nie (die verwekking van vele buite-egtelike kinders, pleeg sodomie ens.) maar was skuldig aan die verkoop van priesterlike ampte aan die hoogste bieërs.

Dit was die eeu toe die lig baie dof geskyn het, tog het die paar gelowiges meer vurig gearbei soos die duisternis toegeneem het totdat naby die einde van die eeu het baie opgestaan in die poging tot hervorming. Hulle arbeid was so vurig dat hulle die weg gebaan het vir die komende hervorming. Daarom soos die Woord sê oor daardie eeu: "jou laaste (einde van die eeu) werke is meer as die eerste".

Die woord, Thiatire, het verskeie betekenisse waaronder "Voortdurende Offer" is. Deur baie word geglo dat dit 'n profesie is oor die gebruik van die Heilige Nagmaal wat 'n aanhoudende voorlegging van die offerande van Christus is. Dit is 'n uitstekende gedagte, maar dit mag ook beteken die voortdurende offerhande in lewens en arbeid van die ware gelowiges van die Here.

Sekerlik hierdie Thiatire heiliges was die room van die oes, vol van die Heilige Gees en geloof, geskape tot goeie werke, deur Sy lof te betoon, nie hulle lewens belangrik gesien nie, maar het met graagte hulle alles gegee as 'n soet offerhande aan die Here.

Die Teregwyding

Openbaring 2:20,

Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.

Nou met hierdie vers wil ek hê julle moet afgaan na vers 23 en sien die bewys van 'n groot waarheid wat ek onder julle aandag probeer bring het al die tyd. *En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.* Ek het al die tyd gesê dat daar is eintlik twee kerke, hoewel die Gees tot albei spreek in elke eeu, asof hulle maar een was. Hier word dit eenvoudig gestel dat daar kerke is, en dit word net so eenvoudig gestel dat sommige van daardie kerke duidelik NIE weet dat Hy is die Een Wie die niere en hart ondersoek nie. Hy gaan vir hulle bewys dit is so. Nou dan, watter kerke sal dan diegene wees wat nie hierdie waarheid ken nie? Natuurlik is dit die vals wingerdstok groep want die ware gelowiges weet sekerlik dat oordeel by die huis van God begin, en hulle seinde Godsvresend, oordeel hulself dat hulle nie geoordeel word nie.

Nou waarom noem God hierdie kerke Sy kerke selfs al is hulle die vals wingerdstok? Die waarheid van die saak is dat hulle Christene is. Maar hulle is nie Christene van die Gees nie. Hulle is Christene van die vlees. Hulle dra die Naam tevergeefs. Markus: 7:7, *Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is.* Maar inderdaad is hulle Christene wat anders kon hulle wees? 'n Mohammedaan is 'n Mohammedaan. Dit is sy godsdien maak nie saak hoe hy dit lewe nie want hy onderskryf in teorie net wat die Koran leer.

Op dieselfde manier as wat 'n Christen 'n Christen is solank as hy die feit aanvaar dat Jesus die Seun van God is, gebore uit 'n maagd, was gekruisig en het gesterf en het weer opgestaan, dat Hy die Verlosser van die mensdom is, ens. (In werklikheid, in die Laodicese eeu sal daar diegene wees wat

hulleself Christene noem omdat hulle die fyn eienskappe van Jesus aanvaar, terwyl hulle die reg behou om Sy Godheid te ontken. Christen Wetenskaplikes het dit alreeds gedoen sowel as menigtes wat 'n Sosiale Evangelie verkondig). Hy is 'n nominale Christen en behoort aan die kerk. Maar hy is nie 'n WARE, of Geestelike gelowige nie. Daardie tipe van 'n gelowige is een wat gedoop is in die liggaam van Christus en is 'n lidmaat van Hom. Maar nietemin, dit is in God se orde dat die onkruid opgroei met die koring en hulle moet nie ontwortel word nie. Dit is die bevel van God. Hulle dag vir bind en verbrand kom; maar nog nie.

So die Gees praat met hierdie gemengde groep. Aan die een kant prys Hy, en aan die ander bestraf Hy. Hy het gesê wat reg is met die ware gelowige. Nou Hy waarsku wat die vals wingerdstok moet doen as dit geregverdig wil staan voor die Here.

Daardie Vrou Isébel

Die apostel Jakobus het ons gewys die koers wat sonde neem.

Jakobus 1:14-15,

Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word.

Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.

Nou dit is 'n prentjie van presies wat gebeur in die kerkeue. Soos sonde in niks begin het behalwe 'n gevoel nie, so het die dood van die kerk begin met die eenvoudige, klein opgemerkte daad van die Nikolaïeteine. Van die daad het dit na 'n leerstelling gegaan. Van die doktriene het dit die krag van die staat verwelkom en die inleiding van heidendom. Nou in hierdie eeu gaan dit na sy eie profetes (Ieraar) en so beweeg dit aan totdat dit homself sal vind in die poel van vuur, want dit is presies waar dit gaan opeindig, in die tweede dood.

Nou die hele uitroep van God teen hierdie vierde eeu word in Sy veroordeling van hierdie profetes, Isébel gevind. En om presies te verstaan waarom Hy haar so veroordeel, sal ons haar geskiedenis moet opkyk in die Bybel en wanneer ons uitvind wat sy daar gedoen het, dan sal ons weet wat op hierdie tyd aangaan.

Die eerste en baie belangrike ding wat ons leer van Isebel is dat sy NIE 'n dogter van Abraham is nie, nog is haar inleiding in die stamme van Israel een van geestelike toegang soos dit wel was met Rut, die Moabiet. Nee meneer. Hierdie vrou was die dogter van Ethbaal, koning van Sidon (I Konings 16: 31), wat die priester was vir Astarte. Hy het die troon gekry deur sy voorganger te vermoor, Pheles. So ons sien dadelik dat sy die dogter was van 'n moordenaar. (Dit herinner ons sekerlik aan Kain.) En die manier hoe sy 'n deel van Israel geword het was nie deur die geestelike kanale wat God verordeneer het vir Heidense toegang nie; maar sy het ingekom deur die HUWELIK met Agab, die koning van die tien stamme van Israel. Nou hierdie huwelik soos wat ons gesien het was nie Geestelik nie; dit was polities. En so hierdie vrou wat gevul was met afgodery het nie die geringste begeerte gehad het om 'n aanbieder van die Een Ware God te word nie, maar sy het gekom met die geswore bedoelings om Israel weg te draai van die Here af.

Nou Israel (die tien stamme) het alreeds geweet wat dit was om die goue kalwers te aanbid, maar tog was hulle nie uitverkoop aan afgodery nie, want God was aanbid en die wet van Moses was erken. Maar van die tyd van Agab se troue met Isébel, het afgodery gevorder in 'n dodelike vorm. Dit was toe hierdie vrou 'n priesteres in die tempels geword het dat sy Astarte (Venus) en Baäl (son god) opgerig het dat Israel tot die krisis punt van haar lewe gekom het.

Met dit in gedagte kan ons nou begin sien wat die Gees van God uiteensit in hierdie Thiatire Eeu. Hier is dit.

Agab het met Isébel getrou en hy het dit gedoen as 'n politieke manier om sy koninkryk te versterk en dit te beveilig. Dit is presies wat die kerk gedoen het toe dit getrou het in die tyd van Konstantyn. Hulle het albei saamgekom vir politieke redes, alhoewel hulle 'n geestelike verklaring daarop gestel het. Nou niemand kan my oortuig dat Konstantyn 'n Christen was nie. Hy was 'n heiden met wat gelyk het soos Christen tooi. Hy het wit kruise op die soldate se skilde gevef. Hy was die skepper van die Ridders van Columbus. Hy het 'n kruis op die toring van Sint Sophia gesit en het daarmee 'n tradisie begin.

Dit was Konstantyn se idee om almal bymekaar te kry, die heidene, nominale Christene en ware Christene. En vir 'n tydjie het dit gelyk asof hy dit sou regkry want die ware gelowiges het probeer om te kyk of hulle nie die wat weggedwaal het van die Woord af weer kon terugbring nie. Toe hulle sien het dat hulle hulle nie kon terugbring na die waarheid nie, was hulle gedwing om weg te breek van die politieke liggaam. Maar toe hulle het, is hulle kettters genoem en is vervolg.

Laat my net hier sê dat ons dieselfde ding het wat nou gebeur. Die mense kom almal saam. Hulle skryf 'n Bybel wat almal pas of dit 'n Jood is, Katoliek of Protestant. Hulle het hulle eie Niceense Raad maar hulle noem dit die Ekumeniese Raad. En weet julle wie al hierdie organisasies teen veg? Hulle beveg die ware Pinksters. Ek bedoel nie die organisasie genaamd Pinkster nie. Ek bedoel diegene wat Pinkster is, want hulle is gevul met die Heilige Gees en het die tekens en gawes in hulle midde omdat hulle in die waarheid wandel.

Toe Agab met Isébel getrou het vir politieke redes het hy sy geboortereg verkoop. Jy sluit aan by 'n organisasie en jy verkoop jou geboortereg, broer, of jy dit wil glo of nie. Elke Protestante groep wat ooit uitgekóm het en weer teruggegaan het, het hulle geboortereg verkoop, en wanneer jy jou geboortereg verkoop, is jy net soos Esau—jy kan huil en bekeer soveel as wat jy wil, maar dit sal jou nie enige goed doen nie. Daar is net een ding wat jy kan doen en dit is: "Kom uit haar uit, my mense, en hou op om in haar sondes te deel!" Nou as julle nie dink dat ek reg is nie, beantwoord net hierdie een vraag. Kan enige man wat lewe sê watter kerk of watter beweging van God het ooit 'n herlewing gehad en teruggekóm nadat sy in die organisasie gegaan en 'n denominasie geword het? Lees jou geskiedenis. Jy kan nie een vind nie—nie eens een nie.

Dit was die middernag uur vir Israel toe sy by die wêreld aangesluit het en die Geestelike gelos het vir die politieke. Dit was die middernag uur by Nicaea toe die kerk dieselfde ding gedoen het. Dit is nou die middernagtelike uur wanneer die kerke bymekaar kom.

Nou toe Agab met Isébel getrou het, het hy haar toegelaat om die staat se geld te vat en twee kollosale huise op te rig vir die aanbidding van Astarte en Baäl. Die een wat opgerig was vir Baäl was groot genoeg vir die hele Israel om in te kom en te aanbid. En toe Konstantyn en die kerk getrou het, het hy die kerk gebou gegee, en altare en beelde opgerig, en die hiërgargie georganiseer wat alreeds aan die vorm was.

Toe Isébel die krag van die staat agter haar gekry het, het sy haar godsdienste op die mense gedwing en die profete en priesters van God doodgemaak. Dit het so erg geword dat Elía, die boodskapper van sy dag, gedink het hy was die enigste een wat oor was; maar God het nog 7000 gehad wat nie die knie gebuig het voor Baäl nie. En nou daar tussen daardie denominasies van Baptiste, Metodiste, Presbiteriane, ens., is daar sommige wat sal uitkom en terugkom na God. Ek wil hê julle moet weet ek is nie, nou, en was nooit teen die mense nie. Dit is die denominasie—die stelsel van organisasie waarteen ek is. Ek moet daarteen wees want God haat dit.

Nou laat ons 'n oomblik hier stilstaan en repeteer wat ons gewys het oor die aanbidding in Thiatire. Ek het gesê dat hulle Apollo aanbid het (wat die songod was) saam met die keiser. Nou hierdie Apollo is genoem 'die afweerder van kwaad.' Hy het kwaad weggedraai van mense af. Hy het hulle geseën en was 'n ware god vir hulle. Hy was veronderstel om die mense te leer. Hy het verduidelik oor aanbidding, en die tempel rituele, dienste aan gode, omtrent opofferings en die dood en lewe na die dood. Die manier waarop hy dit gedoen het was deur 'n profetes, wie in vervoering op 'n drie-poot stoel gesit het. My! Sien julle dit? Hier is daardie profetes genaamd Isébel en sy leer die mense. En haar lering verlei die diensknegte van God en veroorsaak dat hulle hoerery pleeg. Nou buite egtelike beteken 'afgod aanbidding.' Dit is wat die geestelike betekenis is. Dit is 'n onwettige eenwording. Agab se eenwording en Konstantyn se eenwording was beide onwetlik. Beide het geestelike egbreek gepleeg. Elke egbreker sal in die meer van vuur opeindig. God het so gesê.

Nou dan, die onderrig van die Katolieke Kerk (die kerk is vroulik, dit is 'n vrou) ontken die Woord van God. Die pous wat letterlik Apollo is in 'n moderne weergawe het die mense geleer om hulleself by afgode aan te sluit. Die Roomse Kerk het nou 'n vals profetes vir die mense geword omdat sy die Woord van die Here weggevat het van die mense en haar eie idees gegee het oor wat vergifnis van sondes beteken, wat die seëninge van God bring; en die priesters het so ver gegaan as om kategorieë te staaf dat hulle krag besit nie net in lewe nie maar in dood. Hulle leer op hulle eie dat daar 'n vagevuur is, maar jy kan dit nie kry in die Woord nie. Hulle leer dat gebede en heilige nagmaal en geld sal jou uit die vagevuur kry en in die Hemel. Die hele sisteem wat gebaseer is op die stelling is vals. Dit lê nie op die seker fondasie van die openbaring van God in Sy Woord nie maar lê op die veranderende, sinkende sand van sy eie diaboliese onwaarhede.

Die kerk het gegaan reguit van organisasie na denominasie en vandaar na vals onderrig. Dit is reg. Die Rooms Katolieke glo nie God is in Sy Woord nie. Nee meneer. As hulle het sou hulle moes bekeer en ondersteun, maar hulle sê God is in Sy kerk. Dit sou die Bybel die geskiedenis van die Katolieke Kerk maak. Dit is nie so nie. Kyk wat het hulle gedoen met die waterdoop alleen. Hulle het dit weggevat van Christelike Doop en dit 'n heidense een van titels gemaak.

Laat ek julle vertel van 'n ondervinding wat ek gehad het met 'n Katolieke priester. 'n Meisie wat ek een tyd gedoop het het Katoliek geword, so die priester wou 'n onderhoud voer met my oor haar. Hy het gevra watter soort doop sy gehad het. Ek het vir hom gesê ek het haar gedoop in Christendoop wat die

enigste een was volgens my kennis. Ek het haar begrawe in water in die Naam van die Here Jesus Christus. Die priester het 'n opmerking gemaak aan my dat eens op 'n tyd die Katolieke Kerk dit gedoen het. Dadelik het ek hom gevra wanneer die Katolieke Kerk dit gedoen het, want ek het hulle geskiedenis gelees en ek kon nie vind wat hy gesê het nie. Hy het vir my gesê dat dit in die Bybel gevind is, en dat Jesus die Katolieke Kerk georganiseer het. Ek het hom gevra of hy gedink het dat Petrus regtig die eerste pous was. Hy het uitdruklik gesê dat Petrus was. Ek het hom gevra of die heilige nagmaal gesê word in Latyn om seker te maak dat hulle korrek is en nooit sou verander nie. Hy het gesê dit was waar. Ek het hom gesê dat ek gedink het hulle het gedwaal ver van wat hulle in die begin gehad het, ek het hom laat weet dat as die Katolieke Kerk regtig die Boek van Handelingte geglo het, dan was ek 'n outydse Katoliek. Hy het vir my gesê dat die Bybel die rekord van die Katolieke Kerk was en dat God in die kerk was. Ek het van hom verskil want God is in Sy Woord.

Laat God waar wees maar elke mens 'n leuenaar. As jy wegneem of voeg by daardie Boek, God het belowe dat Hy plaes sal voeg by hulle wat byvoeg en hulle deel wegneem van die Boek van die Lewe as hulle waag om weg te vat. Openbaring 22:18, 19.

Laat my net wys hoe die Rooms Katolieke Kerk glo dat God in die kerk is in plaas van die Woord. Hier is 'n uittreksel van die dagboek van Pous Johannes die 23ste. "My ondervinding gedurende die drie jaar as Pous, want 'in vrees en bewing' het ek hierdie diens aanvaar in suiwer gehoorsaamheid aan die Here se Wil, oorgedra aan my deur die Heilige Kollege vir Kardinale in geheime vergadering, wat getuig van die beste en is 'n ontroerende en blywende rede vir my om trou te wees tot dit; absolute vertroue in God, in alles wat die hede betref, en perfekte rustigheid met betrekking tot die toekoms." Hierdie pous stel dat God deur die kerk gepraat het en Sy wil geopenbaar het. Hoe vals. God is in Sy Woord en spreek deur die Woord wat Sy wil openbaar. Hy het ook gesê dat hy absolute vertroue plaas in die woord van mense en daarom gehoorsaam hy dit met rustigheid. Dit klink so pragtig maar dit is so vals. Net soos die verdraaiing in die Tuin van Eden.

Nou laat ons hier gaan in Openbaring 17 en kyk na hierdie vrou, die kerk, wie lewe op vals profesieë en nie die Woord van God nie. In vers 1 noem God haar die groot hoer. Hoekom is sy 'n hoer? Omdat sy in afgodediens is. Sy het die mense in dieselfde ding vasgevang. Wat is die genesing vir afgodediens? Die Woord van God. So hierdie vrou is 'n hoer omdat sy die Woord verlaat het. Daar sit sy op baie waters, wat beteken menigtes van mense. Hierdie moet sekerlik die vals kerk wees omdat die kerk van God klein is—min sal daar wees wat dit vind.

Merk wat sy is in die oë van God, maak nie saak hoe wonderlik sy lyk vir mense nie en hoe filosofies sy klink nie. Sy is uiters dronk van haar egbreek. Nou is sy dronk van die bloed van die martelare. Net soos Isébel wat die profete en priesters doodgemaak het en die mense van God vernietig het wat nie sou neerbuig en Baäl aanbid nie. En dit is presies wat die Katolieke Kerk gedoen het. Hulle het hulle doodgemaak wat nie wou neerbuig voor die popiese reëls nie. Hulle wat die Woord van God wou hê in plaas van die woorde van mense is doodgemaak, gewoonlik op wrede maniere. Maar hierdie kerk wat in die dood gedeel het was haarself dood en het dit nie geweet nie. Daar was geen lewe in haar en geen tekens het haar ooit gevolg nie.

Ruimte Om Te Bekeer

Openbaring 2:21;

En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.

Weet julle dat hierdie kerk was meer goddeloos as Agab? Weet julle dat hy bekeer het vir 'n rukkien en sag voor God geloop het? Jy kan dit nie van die Roomse Kerk sê nie. Nee meneer. Sy het nooit bekeer nie maar het hardnekkig enige en almal vernietig wie haar probeer help het om te bekeer. Dit is geskiedenis. Nou God het aangehou om nie net die boodskappers vir elke eeu op te rig nie maar Hy het 'n paar wonderlike helpers vir daardie boodskappers gestuur. Hy het elke eeu 'n paar wonderlike manne van God gegee en hulle het alles gedoen wat hulle kon om die kerk terug te bring na God. God het haar sekerlik geleentheid gegee en hulp om te bekeer. Het sy ooit bekeer en gewys deur haar vrugte dat sy het? Nee meneer. Sy het nooit en sy sal nooit. Sy is dronk. Sy het haar sintuie verloor in geestelike dinge.

Nou moenie verward wees en begin dink dat die Kerk van Rome bekeer het van haar slagting van die heiliges omdat sy probeer om te verenig met die Protestante deur haar leerstellings in lyn te bring met die Protestante leerstellings nie. Nie eenkeer het sy ooit verskoning gevra en gesê sy was verkeerd vir haar massa moorde nie. En sy sal ook nie. En maak nie saak hoe sag en soet sy op hierdie spesifieke tyd lyk nie, sy sal weer opstaan om dood te maak, want moord lê in haar bese en onbekeerde hart.

Vonnis Teen Die Hoer Gevel

Openbaring 2:22-23,

Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hulle werke bekeer nie.

En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

Wat? Hierdie vrou het kinders? En sy is 'n hoer? As dit so is dat sy kinders deur haar hoerery gehad het dan moet sy verbrand word met vuur soos die Woord gesê het. Dit is presies waar. Dit is haar einde want sy sal met vuur verbrand word. Haar einde is die meer van vuur. Maar stop en dink aan hierdie kinders vir 'n oomblik. 'n Vrou is die een uit wie die kinders kom. Dit is duidelik dat hierdie vrou kinders gehad het wat uit haar gekom het maar hulle het dieselfde ding gedoen as wat sy het. Wys my een kerk wat ooit uit organisasie gekom het wat nie reg terug gegaan het nie. Daar is nie een nie. Nie een nie. Die Lutherane het uitgekom en toe georganiseer reg terug en vandag is hulle hand in handskoen met hierdie ekumeniese beweging. Die Metodiste het uitgekom en hulle het reguit terug georganiseer. Die Pinksters het uitgekom en hulle het reguit terug georganiseer. Daar gaan 'n ander uitkoms wees, en prys God hulle sal nie teruggaan nie omdat hulle die waarheid ken. Daardie groep sal die bruid van die laaste dag wees.

Nou dit het hier gesê dat hierdie hoer kinders gehad het. Nou wat was hulle? Hulle was dogters, want hulle was kerke net soos sy. Hier is nou 'n baie interessante punt. Isébel en Agab het 'n dogter gehad. Daardie dogter het met Jehoram die seun van Jósafat getrou en in II Konings 8:16 sê dit dat

Jehóram het in die weë geloop van sy skoonvader.

Hy het reguit in afgodery gegaan deur hierdie huwelik. Hy het God-vresende en God-aanbiddende Juda in afgodery gebring. Dit is presies wat al hierdie dogter kerke gedoen het, selfs soos ek aan julle uitgewys het. Hulle begin in die waarheid en trou in organisasie en los die Woord vir tradisie, leerstellings ens. Nou laat ek dit reg oordra.

In Hebreërs 13:7 sê dit,

Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.

Dit is die Woord wat ons regeer, nie mense nie. Nou 'n man as 'n eggenoot is hoof van die vrou. Hy regeer haar. Maar die kerk is 'n vrou, ook, en haar heerser is die Woord. Jesus is die Woord. As sy die Woord verwerp en enige ander hoofskap neem dan is sy 'n egbreekster. Nou noem julle een kerk wat nie die Woord opgegee het vir tradisies en leerstellings nie. Hulle is almal egbreeksters — soos moeder, soos dogter.

Wat sal die straf wees vir die hoer en haar kinders? Wel, dit gaan tweevoudig wees. Eerste het Hy gesê: "Ek sal haar in 'n bed werp." Volgens die laaste gedeelte van vers 22 sal dit 'n bed van verdrukking wees, of die groot verdrukking. Dit is presies wat Jesus in Matthéüs 25:1-13 gesê het. Daar was tien maagde. Vyf was wys en vyf was dwaas. Die vyf wyse het olie gehad (die Heilige Gees) maar die ander vyf het nie. Toe die uitroep opgegaan het: "Kyk die Bruidegom kom," moes die vyf dwase hardloop om olie te soek terwyl die vyf wyse maagde na die huwelik ingegaan het. Die vyf wat buitekant gebly het was gelos vir die groot verdrukking. Dit is wat sal gebeur met almal wat nie opgaan in die wegraping nie. Dit is wat sal gebeur met die hoer en haar dogters. Tweedens, dit sê dat hy hulle sal doodmaak met dood of as 'n letterlike vertaling sê: "Laat hulle tereggestel word met dood." Hierdie is 'n eienaardige gesegde. Ons mag sê: "Laat 'n man tereggestel word deur te hang, of deur die elektriese stoel of een of ander ander manier." Maar dit sê: "Laat hulle doodgemaak word deur dood." Dood self is die oorsaak van hulle dood.

Nou ek wil hê julle moet dit duidelik sien so ek sal ons illustrasie weer neem van die dogter van Isébel wat in die huis van Juda ingetrou het en dit daardeur tot in afgodediens gevat en veroorsaak het dat God Judah oorlewer tot die dood. Dit is wat Bileam ook gedoen het. So hier was Isébel met haar heidendom. En daar is Juda wat God behoorlik aanbid en onder die Woord lewe. So Isébel het haar dogter laat trou met Jehoram. Die oomblik wat dit gebeur, veroorsaak Jehoram dat die mense afgodedienaars word. Die oomblik wat die huwelik plaasgevind het was Juda dood. Geestelike dood het ingekom. Die minuut wat die eerste kerk van Rome georganiseer het, het dit gesterf. Die oomblik wat die Lutherane georganiseer het, het dood ingekom en hulle was dood. Die Pinksters het laaste gekom en hulle het georganiseer. Die Gees het weggegaan, hoewel hulle dit nie glo nie. Maar Hy het. Daardie huwelik het die dood gebring. Toe het die lig van Eenheid van die Godheid gekom. Hulle het georganiseer en hulle het ook dood gegaan. So na die vuur van God geval het op die Ohio Rivier in 1933 het 'n genesings veldtog oor die wêreld beweeg, maar dit het nooit deur enige organisasie gegaan nie. God het buite die Pinkstergroepe gegaan, buite organisasie, en wat Hy gaan doen in die toekoms gaan ook buite organisasies wees. God kan nie deur die dooies werk nie. Hy kan net deur die LEWENDE lidmate werk. Daardie lewende lidmate is buite Babilon.

So julle sien: "Dood" of "Organisasie" het gekom, en die kerk het gesterf, of om dit duideliker te maak dood het 'n bewoner geword waarin voorheen net LEWE geheers het. Soos die oorspronklike Eva die dood na die mensdom gebring het, het organisasie dood gebring, want organisasie is die produk van die dubbele bedorwe, Nikolaisme en Balamisme, gepropageer deur die profetes Isébel. Nou Eva behoort saam met die slang gebrand te gewees het vir hulle vreeslike daad. Maar Adam was bemiddelaar, haar vinnig vir homself gevat sodat sy gered is. Maar wanneer hierdie Satanistiese godsdiens die volle gang deur die eeue gegaan het, sal daar geen bemiddelaar wees nie, en sy sal verbrand word met haar verleier, want die hoer en haar kinders en die antichris en Satan sal almal hulle plek vind in die meer van vuur.

Reg hier sal ek myself verbygaan en miskien behoort ek dit te hou vir die boodskap aan die laaste eeu, maar dit blyk net reg te wees om dit nou in te sit want dit deel so duidelik met organisasie en wat daardeur gaan gebeur. En ek wil julle waarsku.

Openbaring 13:1-18,

En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering.

En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos die van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.

En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan.

En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?

En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen.

En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om Sy naam en sy tabernakel, en die wat in die hemel woon te laster.

Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie.

En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wereld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.

As iemand 'n oor het, laat hom hoor.

As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word. Hier is die lydsaamheid en die geloof van die heiliges.

En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak.

En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is.

Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense.

En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is, om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.

En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.

En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word;

sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.

Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier

bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is seshonderd ses-en-sestig.

Hierdie hoofstuk toon die krag van die Rooms Katolieke Kerk en wat sy sal doen deur organisasie. Onthou hierdie is die vals wingerdstok. Laat dit die Naam van die Here noem, dit doen dit net in 'n leuen. Die hoofskap is nie van die Here nie maar van Satan. Dit eindig uiteindelik op heeltemal geïdentifiseer met die dier. Die hoer wat op die rooi dier ry toon haar krag is die god van mag (Satan) en nie ons God nie, die Here Jesus Christus.

In vers 17, wys dit uitdruklik dat sy absolute beheer sal kry oor die handel van die aarde, want geen mens kan koop of verkoop apart van haar nie. Dit word oorgedra in Openbaring 18:9-17 wat haar betrokkenheid wys met konings, prinse, handelaars, alles wat te doen het met Rome en handel.

In Openbaring 13:14, leer ons dat die dier sy invloed uitsprei deur die beeld wat vir hom gebou is. Die beeld wat gemaak is, is 'n wêreldwye ekumeniese raad, waarin al die georganiseerde kerke bymekaar sal kom met die Rooms Katolieke (hulle doen dit selfs nou.) Dit is nogal moontlik dat hierdie eenwording sal kom in orde om die krag van kommunisme te stop. Maar sedert kommunisme soos Nebukadnésar opgerig is om die vlees van die hoer te verbrand, sal Rome oorwin en vernietig word. Let op dat oral waar die Roomse kerk gegaan het, het kommunisme gevolg. Dit moet so wees. En laat ek julle nou waarsku, moenie dink kommunisme gaan julle enigste vyand wees nie. Nee meneer. Dit is ook die Katolieke Kerk, en selfs meer.

Nou laat ons Openbaring 13:1-4 lees, en dit vergelyk met Openbaringe 12:1-5. Openbaring 13:1-4,

En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering.

En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos die van 'n beer, en sy bek soos die van 'n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon groot mag.

En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan.

En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?

Openbaring 12:1-5,

En 'n groot teken het in die hemel verskyn; 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre;

en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood.

En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone.

En sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.

En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.

Satan en sy Satanistiese godsdiens is in albei van hierdie diere. In Openbaring 14, is die dier wat gewond is tot die dood toe maar weer gelewe het die imperialistiese heidense Rome wat geval het na die aanslag van die barbare en haar temporale krag verloor het. Maar sy het dit herwin in pouslike Rome. Sien julle dit? Die nasie wat regeer het deur alles te verdruk en wat as die sterkste ryk ooit bekend geword het, is uiteindelik tot die dood gewond. Haar krag was weg fisies deur die beheer van leërs ens. Maar onder Konstantyn het sy teruggekeer tot die lewe, want pouslike Rome het die hele wêreld geïnfiltreer, en haar krag is absoluut. Sy gebruik konings en handelaars en in haar dodelike godsdienstige en finansiële krag regeer sy as die godin van hierdie huidige eeu. Sy is ook die draak wat gewag het om die menslike kind te verslind. Herodus het probeer om die Here Jesus dood te maak en het misluk. Later is Jesus gekruisig deur Romeinse soldate, maar is nou tot die troon verhef.

Nou saam met wat ek pas gesê het, onthou die visioen van Daniël. Die laaste deel van die beeld, die laaste wêreld krag was in die voete. Dit was yster en klei. Kyk die yster is die Roomse Ryk. Maar nou is dit nie meer soliede yster nie. Klei is daarin vermeng. Tog dit is daar en beheer wêreld sake in beide die demokratiese nasies en die meer despotiese. Die Roomse kerk is in elke nasie. Dit is vermeng in dit alles.

Laat ek vir julle 'n ietsie vertel oor die yster en klei. Onthou julle toe Khrushchev sy skoen op die lessenaar by die V.N. geslaan het? Wel, daar was vyf oosterse nasies daar en vyf westerse. Khrushchev

het gesprek vir die Ooste en President Eisenhower vir die Weste. In Russies, is Khrushchev klei en Eisenhower beteken yster. Die twee hoof leiers van die wêreld, die twee groot tone van die voete van yster en klei, was sy aan sy. Ons is aan die einde van dit alles.

In vers 4 vra dit,

Wie kan teen hom oorlog voer?

Nou daar is huidiglik groot name in die wêreld. Daar is sommige magtige nasies, maar reg nou speel Rome die kitaar. Die pous is in die bestuurder se sitplek. En sy krag gaan toeneem. Niemand kan teen hom oorlog voer nie.

Vers 6,

En hy het sy mond oopgemaak om te laster.

(Leer vir doktriene die gebooie van mense, verwaand, hoogmoedig, liefhebbers van genot, het 'n vorm van godsaligheid en ontken die krag daarvan.) Hy het die Naam van God gelaster—verander daardie Naam na titels en weier om anders te doen.

Vers 7,

Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges.

Vervolging—dood vir die ware gelowige en alles in die Naam van die Here sodat die Naam van God gevloek word, selfs soos dit is in Rusland, as gevolg van wat die Katolieke godsdiens daar gedoen het.

Vers 8,

En al die bewoners van die aarde (almal wie se name wat nie geskryf is in die Boek van die Lewe van die Lam geslag van die grondlegging van die wêreld af nie) sal hom aanbid.

Dank God die skape sal hom nie aanbid nie. Elkeen behalwe die einste uitverkorenes sal mislei word. Maar hulle sal nie mislei word nie. Want hulle hoor die Herder se stem en hulle volg Hom.

Nou dan, sien dit, wat ons julle probeer wys het. Hierdie saad van dood wat in die eerste eeu begin het—hierdie saad van organisasie, het uiteindelik gegroei in die boom waarin elke vuil voël gehuisves word. Ten spyte van haar aansprake dat sy die gewer van lewe is, is sy die gewer van die dood. Haar vrugte is DOOD. Hulle wat deel in haar, is dood. Hierdie magtige wêreld kerk sisteem wat die wêreld mislei dat in haar fisiese en geestelike verlossing is en vernietig die menigtes. Maar nie net is sy dood verpersoonlik nie, maar hierdie dooie aas skepsel sal sigself doodgemaak word met dood wat die meer van vuur is. O, dat mense sal waarneem wat hulle einde sal wees deur in haar te bly. "Kom uit haar uit, want waarom sal julle sterf?"

'n Finale Waarskuwing

Openbaring 2:23.

En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

God kyk na die hart. Dit het nooit verander nie. Nog sal dit ooit verander nie. Hier, soos deur al die eeue is daar twee groepe, beide wat hulle openbaring verklaar van God en hulle verhouding met God.

Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is.

II Timóthéus 2:19.

"Die Here deursoek die niere."

Die woord 'soek' beteken om na te 'spoor' of 'opvolg.' God volg ons gedagtes (niere), Hy weet wat in ons harte is. Hy sien ons werke wat 'n definitiewe manifestasie is van wat in ons lê. Dit is uit die hart wat óf geregtigheid of boosheid gaan. Ons motiewe, ons doelwitte—alles is aan Hom bekend soos Hy elke aksie dophou. En elke optrede, elke woord sal ingebring word in die oordeel wanneer die verslag van ons lewens gegee word. Daar was geen vrees vir God deur die vals wynstok nie en hulle sal verseker betaal. Laat almal wat Sy Naam noem, so lewe soos dit heiliges betaam. Ons mag die mense mislei maar ons sal die Here nooit mislei nie.

Die Belofte In Daardie Donker Dae

Openbaring 2:24-25.

En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatire is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie.

Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.

Nou voor ons ingaan op die belofte laat ek weer wys dat die kerk soos deur die Gees gespreek is in hierdie boek het twee wingerdstokke wat bestaan uit saam groeiende takke.

En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatire is, almal wat hierdie leer nie het nie,

Daar is dit. Hy praat met die twee groepe. Een het die doktriene, 'n ander het nie. Daar is hulle, in die buiteland versprei oor die nasies saam met elkeen se doktriene wat die ander teenstaan. Een is van God, wat Sy dieptes ken, die ander is van Satan, ken die dieptes van Satan.

Ek sal op julle geen ander las lê nie.

Die woord vir las is gewig of druk. Die druk van die Donker Eeue was óf buig, óf word gebreek. Buig of sterf. Dit was die inkwisisie, die krag van die ryk wat die Satanistiese aanbidding ondersteun het. Wees georganiseer of betaal met jou lewe. Elke eeu het sy druk gehad. Byvoorbeeld 'n groot las van die laaste eeu is die druk van rykdom, sagte lewe en senuweeagtige atmosfeer in 'n komplekse tyd wat lyk of dit ongeskik is vir ons om in te lewe. Hierdie vierde eeu blyk 'n duidelike las te hê. Dit was om teen Rome te gaan, op te staan vir die Woord selfs tot die dood toe.

en die wat die dieptes van die Satan nie leer ken het nie:

Dit lyk of hierdie vers uitgelaat is deur die kommentators omdat hulle nie in staat was om te ontsyfer watter doktriene of watter ondervinding bedoel word in hierdie frase nie. In werklikheid is dit eenvoudig om te weet wat dit beteken. Laat ons eers weet wat die diepte van God is, en die teenoorgestelde sal waar wees vir die diepte van Satan.

In Efesiërs 3:16.

dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens,

sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is,

en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is,

en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.

Nou volgens hierdie verse, wanneer 'n mens die diepte van God in sy lewe ondervind, is dit 'n werklike persoonlike ondervinding van die Gees van God wat in hom woon, en sy verstand is verlig deur die wysheid en kennis van God deur die Woord. Maar die diepte van Satan sal wees in dit dat hy sal probeer om dit te vernietig. Hy sal soos altyd probeer om 'n plaasvervanger te maak vir hierdie werklikheid van God. Hoe sal hy dit doen? Hy sal die kennis van die waarheid van God wegneem—vernietig die Woord deur sy eie: "Ja, het God gesê?" Hy sal dan die persoonlike Christus in ons gees vervang. Hy sal dit doen, soos hy Israel dieselfde laat doen het; deur 'n menslike wese wat as koning regeer in plaas van God. Die wedergebore ondervinding sal verwerp word ten gunste van kerkaansluiting. Die dieptes van Satan is in daardie eeu ingegaan. En die vrugte van daardie diepte van Satan wat leuens is, moorde en aaklige misdade het daaruit voortgekom.

Die Belonings

Openbaring 2:26-29.

En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,

en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.

En Ek sal hom die môrester gee.

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

"Hy wat oorwin en My werke hou tot die einde."

Dit is baie duidelik deur die opmerkings van die Gees op werke dat die Here probeer om Sy eie te kry om Sy opinie van regverdige werke te sien. Vier maal noem Hy werke. En nou sê Hy, dat hy wat Sy werke getrou aanhou doen tot die einde sal mag gegee word oor nasies, en sal 'n sterk, bekwame, onbuigbare regeerder wees wat enige situasie so kragdadig kan hanteer, dat selfs die mees desperate vyand gebreek sal word indien nodig. Sy demonstrasie van heerskappy deur krag sal soos die einste Seun sin wees. Hierdie is ongelooflik.

Maar laat ons kyk na hierdie belofte in die lig van die eeu. Kragtige Rome met staat ondersteuning, wat konings en leërs en wetgewings werk gee, breek en maal alles voor dit. Sy het miljoene doodgemaak en smag om miljoene meer dood te maak wat nie vir haar sal buig nie. Onverdraagsaam bestuur sy konings of bring hulle laag wanneer sy ook al kan. Ja, haar bemoeiing het werklik nasies laat val omdat sy vasbeslote is om die uitverkore van God te vernietig. Haar werke is die werke van die duiwel, want sy vermoor en lieg net soos hy het. Maar daar kom 'n dag wanneer die Here gaan sê: "Bring hierdie My vyande voor My en maak hulle dood." Dan sal die regverdiges wees met hulle Here wanneer Sy regverdige smaad sal val op die lasteraars. Die regverdiges sal kom met Hom in heerlikheid, sal hulle vernietig wat die aarde vernietig het en verwoesting onder die heiliges van God gesaai het. Hierdie was die eeu van om die wang te draai, van verskriklike beproewing; maar 'n dag kom wanneer die waarheid sal heers en wie sal staan in sy vuur en veilig wees? Net die verlosdes van die Here.

"En Ek sal hom die môrester gee.

Volgens Openbaring 22:16, en II Petrus 1:19, is Jesus die Môrester.

Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink en môrester.

totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte;

Die Gees, daarom, maak 'n belofte aan die uitverkorenes van die Donker Eeue relatief tot Homself en dan in die eeue wat kom.

Soos ons alreeds gemeld het, Jesus identifiseer Homself met die boodskappers van elke eeu. Hulle ontvang van Hom die openbaring op die Woord vir elke periode. Hierdie Woord openbaring bring die uitverkorenes van God uit die wêreld en in volle eenwording met Jesus Christus. Hierdie boodskappers word sterre genoem omdat hulle skyn met 'n geleende of gereflekteerde lig van die Seun, ook Jesus. Hulle word ook sterre genoem omdat hulle 'houers van lig' is in die aandtyd. Dus in die duisternis van sonde, bring hulle die lig van God na Sy mense.

Hierdie is die Donker Eeue. Dit is baie donker want die Woord van die Here is amper heeltemal verborge van die mense. Kennis van die Allerhoogste het byna opgehou. Dood het menigde getalle van die gelowiges oorkom totdat hulle geleedere uitgedun is. Die dinge van God is by die laagste vlak in hierdie tyd, en dit het gelyk of Satan sekerlik God se mense sou oorwin.

As 'n mensdom ooit die belofte gehad het om die land te omhels waar daar geen nag is nie, was dit die mense van die Donker Eeue. En dit is waarom die Gees hulle die môrester belowe. Hy vertel hulle dat die Hoof Ster, selfs Jesus, Wat in Lig woon wat geen mens kan benader nie, sal in die toekomstige koninkryk hulle verlig deur Sy eie persoonlike teenwoordigheid. Hy sal nie meer die sterre gebruik (boodskappers) om lig te gee in duisternis nie. Dit sal Jesus wees, Homself, praat met hulle van aangesig tot aangesig soos Hy Sy koninkryk met hulle deel.

Dit is die môrester wat sigbaar is wanneer die lig van die son begin om te skyn. Wanneer ons Son, (Jesus) kom, sal daar nie verder nodig wees vir boodskappers nie; Hy sal ons Sy boodskap van toejuiging bring Homself; en soos Hy Sy koninkryk regeer, en ons lewe in Sy teenwoordigheid, sal die lig van die Woord helderder en helderder word in ons volmaakte dag.

Wat anders kan ons begeer behalwe Jesus Homself? Is Hy nie alles nie, selfs Volmaak Alles?

Hy wat 'n oor het laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Amen. Selfs so, Here God, deur U Gees, laat ons U waarheid hoor.



www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"... in die dae van die stem ..." Openb. 10:7